higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2

17 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- As die uitleg van 'n werkswinkel swak beplan is.
- As daar te min lig en ventilasie in 'n werkswinkel is.
- As masjiene nie skerms aanhet nie. (OF enige toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

1.2
1.2.1 Selfone verbode
1.2.2 Die dra van beskermende stewels is verpligtend
1.2.3 Rook verbode
(3 × 1) (3)

1.3
- Om die oorsake van ongelukke en voorvalle te bepaal.
- Om aksieplanne in te stel om hulle te voorkom.
- Om die werkomgewing te verbeter. ✓
- Om veiligheidsklere te verbeter. (OF enige toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

1.4 Dit lei werkers se aandag af, wat ongelukke kan veroorsaak. (Of enige toepaslike antwoord) (1)

1.5
- Minder hantering verbeter die vloei van materiale.
- Werkers gly en struikel minder as daar nie rommel of gemorste vloeistof in die werkgebied is nie.
- Die brandgevaar is kleiner.
- Werkers word nie aan gevaarlike produkte (soos stof en dampe) blootgestel nie.
- Beter beheer kan oor gereedskap en materiale soos voorraad uitgeoefen word.
- Higiëniese toestande is goed vir werkers se gesondheid.
- Ruimte word doeltreffender benut.
- Danksy voorsorgonderhoud is die skade aan eiendom minder.
- Omdat 'n mens gereedskap en materiale vinnig kan kry, is produktiwiteit hoër. (Enige 3 × 1) (3)

1.6
1.6.1 Onwaar
1.6.2 Waar
1.6.3 Onwaar
1.6.4 Onwaar
1.6.5 Waar
(5 × 1) (5)

1.7
1.7.1 Word gebruik om 'n band volgens spesifikasies te verstel.

1.7.2 Word gebruik om smal openinge tussen onderdele te meet.

1.7.3 Word gebruik om die druk te meet wat 'n suier in 'n silinder genereer.
(3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

1.8
- Om die entspeling van ’n krukas te meet.
- Om 'n werkstuk in 'n masjien in lyn te bring.
- Om die speling tussen ratte te meet.
- Om die waggeling van ’n vliegwiel te meet. (Enige 2 × 1) (2)

[21]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 Hidrometer
2.1.2 Multimeter
2.1.3 Lastoetser
(3 × 1) (3)

2.2
- Beskermbril
- Handskoene
- Beskermende oorpak
- Beskermende skoene (Enige 3 × 1) (3)

2.3 Positiewe aansluiter (1)

2.4
- Soda
- Asyn (2)

2.5
2.5.1 D
2.5.2 C
2.5.3 A
2.5.4 B
2.5.5 F
(5 × 1) (5)

[14]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Termostaat (1)

3.1.2
- Reguleer hoeveel koelmiddel weer in 'n enjin gesirkuleer word.
- Laat 'n enjin vinnig opwarm.
- Hou die enjintemperatuur konstant. (Enige 2 × 1)

(2)

3.2
- Voorkom korrosie.
- Verhoog water se kookpunt
- Verlaag water se vriespunt. (Enige 2 × 1) (2)


3.3 3.3.1
A – rollerkoeël
B – skeier
C – buitering
D – binnering (4)

3.3.2 Verminder wrywing en laat 'n as glad draai. (1)

3.3.3 Koeëllaer (1)
[11]

VRAAG 4

4.1



(5)

4.2 Kragslag: As beide die inlaat- en uitlaaklep toe is, gee die vonkprop 'n vonk wat die lug-brandstofmengsel laat ontsteek. Die ontploffing wat volg, forseer die suier afwaarts en dit laat die krukas draai.

(4)

4.3 4.31 Buitekant
4.3.2 Binnekant
4.3.3 Binnekant
4.3.4 Buitekant
4.3.5 Binnekant

(5 × 1) (5)

4.4
- Dit hou motoriste veilig op die pad.
- Dit verleng bande se gebruiksduur.
- Dit verminder geraas en laat 'n voertuig lekker ry.
- Dit keer dat oormatige hitte opbou. (Enige 2 × 1) (2)

4.5
- Vellings dra die gewig van ’n voertuig.
- Vellings bied weerstand teen die draaimoment as 'n voertuig wegtrek of as rem getrap word.
- Vellings bied weerstand teen sydruk wanneer as 'n draai gevat word.
- Buitebande word aan vellings gemonteer. (Enige 3 × 1) (3)

4.6 4.6.1 Al twee die buiterande
4.6.2 Middel van die loopvlak (2)

(2 × 1)

4.7
- Staal
- Gietaluminium
- Magnesium (Enige 2 × 1) (2)

[23]

VRAAG 5

5.1
- 'n Filter suiwer olie voordat dit by 'n enjin ingaan. (1)

5.2
- Ratolie
- Remvloeistof
- Water
- Transmissievloeistof
- Vriesweermiddel (Enige 4 × 1) (4)

5.3 5.3.1 Ratpomp (1)

5.3.2 A – dryfas
B – hoofrat
C – omhulsel
D – rattande
E – hulsrat (5)

5.4 Kettingsleutel (1)

5.5
- Om die besonderhede van take aan werkers iewers in die veld oor te dra.
- Om inligting te hê oor die werk wat vir elke taak gedoen is.
- Om tyd en moeite te spaar. (OF enige ander toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

5.6
- Soksleutels
- Stel skroewedraaiers
- Stel Allensleutels
- Wielsleutel
- Wringsleutel
- Vonkpropsok (OF enige ander toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

5.7
- Gaan die vlak van die enjinolie na.
- Gaan die vlak van die koelmiddel na.
- Ondersoek die toestand van die v-band.
- Gaan die vloeistof in die reservoir van die koppelaar se meestersilinder na.
- Kyk vir olielekke.
- Kyk vir waterlekke. (OF enige ander toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.8
- Sorg dat niks in die pad staan nie en dat jy ongehinderd kan rondbeweeg.
- Kry 'n werkskaart.
- Kry al die gereedskap wat jy nodig sal hê.
- Sorg dat diensstel gereed is. (OF enige ander toepaslike antwoorde 4 × 1) (4)

5.9 Tydens 'n padwaardigheidstoets word ondersoek of dit veilig is om 'n voertuig te bestuur. (1)

5.10
- Om te toets of 'n motorenjin in 'n goeie toestand is.
- Om te toets of daar enige ander probleme is. (OF enige ander toepaslike antwoorde 2 × 1) (2)

[31]

TOTAAL: 100